

September 2004

Dagsê alle belangstellende in die geskiedenis van ou Pretoria,

Verlede maand is stoorkamers van die ou TPA gebou is Schubartstaart ontruim. Aanvanklik het niemand geweet waar die onderstaande brokstukke vandaan kom nie en is daar besluit om dit as hoop toe te ry. Gelukkig is die waarde daarvan besef en word dit nou bewaar. Wie van julle weet op watter gebou dit oorspronklik was? Dit is natuurlik die tweede vries van die ou Raadsaal op Kerkplein.



Die Wapen op die voorgewel van die ou Raadsaal op Kerkplein

Net na die bou van die raadsaal is die wapen en leuse van die Suid-Afrikaanse Republiek op die voorgewel aangebring. Na die Engelse oornamme van 1900 is dit verwyder en vervang met die Engelse wapen. Nog later is die Engelse wapen afgebreek en die wapen van die ou Republiek weer aangebring. Die wapen op die foto is die oorblyfsels van die Engelse wapen.

Sytze Wopkes Wierda was die argitek wat die Raadsaal ontwerp het en hy het ook voorsiening gemaak vir die wapen op die gewel. In een van die tekeninge van die grondplanne kan die Wapen en Leuse van die Republiek gesien word. Die beeldhouer Anton van Wouw was verantwoordelik vir die uitvoering van die werk. Van Wouw het die grondplan as leidraad gebruik, maar die voltooide werk het baie van die oorspronklike tekening verskil en was grotendeels 'n produk van van sy skeppende kunstenaars verbeelding. Daar bestaan verskeie fotos van die Raadsaal waar die Wapen gesien kan word.

In Februarie 1891 was daar 'n beskrywing van die Raadsaal in "De Volksstem". Die bouwerk was toe alreeds amper voltooi. Anton van Wouw se ateljee was in die kelder van die gebou en daar was hy besig om die wapen te boetseer.

Een van die bronne noem dat Anton van Wouw in Kerkstraat gewoon het, naby Schuster se brouery. Op die Pretoria kaart van 1889 [Van Vooren en Oerder] wys hulle L.

Schuster's Brewery aan op die hoek van Kerkstraat en Potgieterstraat. [ek wonder of dit familie is van Leon Schuster?]

Binne 'n jaar nadat Pretoria deur die Britse militêre magte beset is, was daar voorstelle dat die uiterlike sombole van die vorige bewind uit die openbare oog verwyder moes word. Op Woensdag die 12de Junie 1901 het 'n vergadering plaasgevind waarop besluit is dat die wapen en leuse van die Republiek vervang moes word met die Engelse wapen. Daar is 70 pond begroot vir die werk. Die enigste dele van die ou wapen wat bewaar gebly het is die kop van die arend en een van die letters "M" van die leuse "Eendraght Maakt Magt". Vir 'n geruime tyd was hierdie bewaargeblewe gedeeltes in die veilige bewaring van die Transvaal Museum.

Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is die Britse wapen afgebreek en weereens het die wapen van die ou Republiek op die voorgewel van die Raadsaal gepryk waar dit vandag nog is.

Straatname in die middestad van Pretoria

Die oudste erkende bron van straatname in Pretoria is die Kaart van Andries du Toit. Die inskripsie op die kaart lees; "Kaart van het dorp Pretoria Z A Republiek. Maart 1859".

As uitgangspunt sal ek deurgaans gebruik maak van die beskrywings van Gustav S. Preller in sy boek "Ou-Pretoria" en Tom Andrews en Jan Ploeger in hul boek "Straat-en Plekname van Ou-Pretoria"

Boomstraat

Die naam spreek vanself. Omdat die straat naby die Apiesrivier loop was dit 'n boomryke deel van die stad. Op die kaart van 1879 [wat deur die Engelse "Intelligence Branch" opgestel was] word die gebied as "Marshy" aangedui.

In die koerante word gepraat van onbevestigde berigte. Ek het so 'n berig in verband met Boomstraat. Rex beweer dat Boomstraat oorspronklik Schutttestaat was en Andrews en Ploeger se dit was moontlik oorspronklik Schutttestraat. Tot dusver kon ek nog geen skriftelike bewyse vind nie. Is daar miskien iemand wat kan help?

Was dit J.F. Schutte? Volgens die kaart van Du Toit was die woonhuise van J.F. Schutte, Bronkhorst en Van der Walt oorkant die Apiesrivier. Op vandag se kaart is dit in Sunnyside tussen Kotze- en Rissikstraat.

Verder weet ons ook dat een van die heel eerste woonhuise wat rondom Kerkplein in 1854/55 opgerig is as woonhuis vir J.F. Schutte. Die huis is vanaf 1856/57 gebruik as winkel vir die firma Evans & Churchill, toe as winkel vir Austen en vanaf 1874 as landdrosgebou, vanaf die tagtigerjare as terrein van die poskantoor. Op die hoek van Kerkstraat-Wes en Kerkplein. Indien dit hy was na wie Boomstraat eers vernoem was, hoekom is die naam later verander?

Markstraat

Of Markt Straat soos dit op die ou kaarte voorkom is natuurlik vandag Paul Krugerstraat. Die plein wat ons vandag ken as Kerkplein was oorspronklik 'n meerdoelige plein wat gebruik was deur beide die kerk en die mark. Daar was ook gereeld veilings gehou en die eerste kriektwedstryde in Pretoria het daar plaasgevind.

Kerkstraat

Die naam is voor die hand liggend. Die volgende gedeelte kom uit Andrews en Ploeger.

Kerkstraat is ongeveer 12 km lank. Die gedeelte tussen Colbyn in die ooste tot by Atteridgeville in die weste word beskou as die langste reguit straat in die land. Dit is duidelik dat die strate in die sentrale deel van ou Pretoria breër is as ander strate. Die landmeter, Andries Francois du Toit, het opdrag gekry om die strate breed genoeg uit te lê sodat 'n span van 16 osse 'n U-draai daarin kon maak as dit nodig was.



Verkeersknoop in Kerkstraat.

Dit lyk nie asof die strate breed genoeg was nie. In die middel van die foto is die kruising van Kerkstraat en Van der Waltstraat. Dit lyk amper asof Kerkstraat 'n eenrigting straat was. In die agtergrond is die tweede Kerk op Kerkplein [Franken Kerk. Ingewy in 1885] wat beteken dat die foto na 1885 geneem is.

Die oop stuk grond links op die foto was die markplein [vandag die Strydomplein]. Grose fotografies ateljee is die wit dubbelverdieping gebou oorkant die straat aan die linkerkant en word later oorgeneem deur die fotograaf Robinson.

Regs op die voorgrond is die winkel van E.F. Bourke. In 1903 verkoop hy die besigheid aan John Jack. Oorkant die straat is die winkel van T.W. Beckett Algemene Handelaar.

Die bronnelys is op aanvraag beskikbaar. Laat asseblief van u hoor. Groete tot volgende maand.

Rosa Swanepoel

Bronnelys: Pretoria Geselsbrief September 2004

Vries van Ou Raadsaal

- * Rex, H.M. Pretoriana nommer 14
- * Holm, Mure wat praat
- * Beyers, Wapen van die S.A. Republiek Argierf 1950 nommer 1

Strate

- * Rex, Pretoriana nommer 55 bl. 11
- * Gustav S. Preller in sy boek "Ou-Pretoria"
- * Tom Andrews en Jan Ploeger in hul boek "Straat-en Plekname van Ou-Pretoria"
- * Pretoriana nommer 47 bl. 4 Foto van Austen se huis
- * Dunston, Verkeersknoop